

Donderdag 22 Maart

Skrifgedeelte: 2 Petrus 1:12-15

Fokusgedeelte: 2 Petrus 1:12

'n Tyd om die stokkie aan te gee

Sterfbedgesprekke is gesprekke wat 'n mens nie sommer vergeet nie. In sy tweede brief beskryf Petrus 'n onvergeetlike sterfbedgesprek. Hy stel sy apostoliese testament op skrif.

Soos 'n kampeerder wat besig is om op te pak voordat hy vertrek, sien Petrus hoe hy binnekort sy liggaamlike tentwoning moet verlaat. Voordat dié oomblik aanbreek, gee die apostel laaste opdragte aan hulle wat agterbly. Die aflosstokkie moet vir die volgende geslag aangegee word.

Wat moet die mense weet wat op aarde verder leef as die Here vir Petrus in sy hemelse heerlijkheid opneem? Die apostel skryf: "Ek sal nie nalaat om julle altyd hieraan te herinner nie." "Hieraan": dit is aan hulle roeping en verkiesing waaroor hy in die vorige verse ge-skrif het.

Sy lesers is nie onbekend met al die dinge wat Petrus hieroor vir hulle gesê het nie. Inteendeel, hulle weet waar hulle in geloof staan. Hulle weet ook dat hulle in genade mag vasstaan in die waarheid wat by hulle is. Tog moet die sterwende apostel hulle herinner. Herinnering is noodsaaklik, want 'n mens is besig met baie dinge. Soms raak 'n mens selfs bietjie vergeetagtig. In die volle gang en drukte van die lewe kan dit wat die belangrikste moet wees, op die agtergrond skuif.

Herinnering aan dit wat reg en goed is, is lewensbelangrik. Oor die krag van God se genade en die erns om die Here met alles wat jy is en het, te dien – daarvoor moet die ouer geslagte met hulle nageslagte praat. Jonger geslagte moet met oop ore luister as die oueres met hulle hieroor praat. Alleen só kan ons wakker bly in ons geloof, terwyl ons die lewe voluit leef.

Gesprekke met die ouer garde, en veral sterfbedgesprekke, is besonders. Die belangrikste waaroor 'n mens dan praat, is "onthou Wie die Here is en wat Hy doen". Testamente is kosbaar. Die mees kosbare wat jou ouers in hulle testament vir jou kan nalaat, is jou opvoeding in geloof en liefde vir God. 'n Geestelike erfenis. 'n Onmisbare erfenis.

Sing: Psalm 71:11 (1936)

Dr. GJ (Gerard) Meijer (Oos-Moot)